

# St. Martin de Porres

## 3 November

(1579-1639)

Gebore as die buite-egtelike kind van ’n Spaanse ridder en ’n swart slavin, word Martin groot as ’n buitestander en die slagoffer van mense se spot en minagting. Vroeg het hy egter besef dat God hom liefhet en dié liefde was genoeg om te keer dat hy nie in haat en bitterheid verval nie. Hy sluit aan by die Derde Orde van St. Dominicus en wy sy lewe aan naastediens. Al sy vele talente stel hy in diens van sy Here en hy wy homself daaraan toe om die siekes en armlastiges en behoeftiges te versorg. Hy word ’n beminde figuur in die destydse Lima, hoofstad van die Spaanse kolonie Peru. Ongewoon vir sy tyd het hy ’n diep waardering vir God se skepping en veral vir diere gehad. Op sy sterfbed het selfs die onderkoning van Peru hom om sy seën kom vra. Hy word vereer as die beskermheilige van sosiale geregtigheid.

© Die Oratorium Uitgewery